

OSEAANGERECHTIGHEID

'n Handleiding vir Kleinskaalse
Vissersgemeenskappe in Suid-Afrika wat
Omgewingsgeregtigheid Nastreef



Bedankings

Hierdie handleiding is 'n medewerkingsprojek deur [One Ocean Hub](#) en [Natural Justice](#). Die navorsing is gefinansier deur UK Research and Innovation (UKRI) via die Global Challenges Research Fund (GCRF) (Toelaeverwysingsnommer: NE/S008950/1) en die Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoele-inisiatief van die Departement van Wetenskap en Innovasie en die Nasionale Navorsingstigting van Suid-Afrika.

Hierdie handleiding beoog om kleinskaalse vissers- en oseaanverbonde gemeenskappe te bemagtig om 'oseaangeregtigheid' in Suid-Afrika na te streef – om die oseaan en alles wat daarin lewe en daarvan afhanklik is, te beskerm en te verdedig, om verdere klimaatsverantdering en ekologiese ineenstorting te voorkom, en om hulle oseaan-erflating en -bestaan te bevorder.

Geskryf deur: Natural Justice

Illustrasies deur: Dylan McGarry

Ontwerp deur: Jaywalk Design

Redakteurs: Amelia Heyns, Claire Martens

Gepubliseer: Maart 2025

Hierdie handleiding val onder die Fakulteit Opvoedkunde van Rhodes Universiteit se Etiekkomitee: Etiek-goedkeuringsnommer: 2023-1497-7377.



Creative Commons-lisensie: Hierdie werk is gelisensieer onder die Creative Commons Attribution Non-Commercial-Share Alike 4.0 International License. Ontvangers word aangemoedig om dit vryelik, maar slegs vir nuwinstdoeleindes, te gebruik. Verleen asseblief erkenning aan die outeurs. Om 'n afskrif van hierdie lisensie te besigtig, besoek <https://creativecommons.org/licenses/by-nc-sa/4.0/>

Inhoud

WOORDELYS	2
1. INLEIDING: OMGEWINGSGERECHTIGHEID	4
Omskrywing en Belang	5
2. MY OMGEWINGSREGTE	7
Nasionale wetgewing	9
Die Grondwet	9
Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur	10
Die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne	11
Die Wet op Geïntegreerde Kusbestuur	11
Die Wet op Beskernde Gebiede	12
Die Wet op Biodiversiteit	12
Die Wet op Luggehalte	12
Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne	12
Die Wet op Klimaatsverandering	13
Die Wet op die Ontwikkeling van Stroomop Petroleumhulpbronne	13
Wette en Beleide wat nog aan die gang is	13
Die Wetsontwerp op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit	13
Regsbeginsels	14
Reg op administratiewe geregtigheid	14
Reg op Toegang tot Inligting	14
3. ONTWIKKELINGS WAT MY OMGEWINGSREGTE KAN BEÏNVLOED	15
Olie- en gasverkenning	15
Fases van Olie- en Gasverkenning en -Produksie	17
Omgewingsmagtiging, lisensies en permitte	18
Mynbou	18
Kragsepe	20
Waterstofaanlegte	20
4. IMPAK OP DIE OMGEWING EN MENSLIKE WELSTAND	21
Omgewingsbesoedeling	21
Gevallestudie: Die Deepwater Horizon-oliestorting	22
Biodiversiteitsimpakte	23
Impakte op Kulturele en Geestelike Regte	23
Menslike en Sosio-ekonomiese Impakte	24
Waarom 1.5 grade saak maak	24
Klimaatsveranderingimpakte	24
Hoe beïnvloed klimaatsverandering vissers- en kugemeenskappe?	26
Gevallestudie: Oorstromings in Durban	26
5. DIE UITOEFENING VAN MY OMGEWINGSREGTE: HOE OM BETROKKE TE RAAK	27
Deelname aan Omgewingsimpakassesserings	28
Soorte OIA-prosesse	29
Hoe om teen 'n omgewingsmagtiging te appelleer	32
Betrokkenheid by OIA's	33
Wat is betekenisvolle deelname aan openbare vergaderings?	34
Openbare Deelname aan die Opstel van Wetgewing	36
Verskil tussen beleid en wetgewing	36
Fases in die voortbring van beleide en wette	36
Waarom moet jy aan die wetgewende proses deelneem?	37
Toegang tot Inligting deur PAIA-versoeke	38
Gevallestudie: Vissersgemeenskappe in Suid-Afrika gebruik die wet om seismiese toetsing in hulle oseane uit te daag	39
AKRONIEME EN AFKORTINGS OM VAN KENNIS TE NEEM:	41
KONTAKBESONDERHEDE VAN ORGANISASIES	41

Woordelys

Biodiversiteit:

Die verskeidenheid lewensvorme op die aarde, wat verwys na alle plant-, dier- en mikroörganismespesies, en die enorme diversiteit van gene in hierdie spesies. Biodiversiteit sluit ook die verskillende ekosisteme op die planeet in, soos woestyne, reënwoude en koraalriwwe.

Klimaatsverandering:

Klimaatsverandering is die wesenlike langtermynverandering in normale weerpatrone as gevolg van veranderinge in die atmosfeer. Die weer verwys na toestande oor korter tydperke, in sekere geografiese gebiede, terwyl klimaat verwys na langtermyn- streeks- of selfs globale toestande. Klimaatsverandering behels die abnormale veranderinge van die klimaat en hoe hierdie veranderinge die planeet beïnvloed. Klimaatsverandering word veroorsaak deur mensgeïnduseerde kweekhuisgasvrystellings wat meer is as wat die aarde natuurlik kan hanteer. Kweekhuisgasse (KHG'e) sluit koolstofdiksied en metaan in.

Omgewingsassesseringspraktisyn:

Iemand wat deur 'n ontwikkelaar of maatskappy aangestel word om 'n omgewings-impakassessering (met inbegrip van beplanning, bestuur, koördinering of hersiening), omgewingsbestuursprogramme of enige ander toepaslike omgewingsbewaringsinstrumente uit te voer.

Verkenning:

Werksaamhede, soos die uitvoer van seismiese opnames en die boor van toetsputte, wat onderneem word om vas te stel of daar minerale en petroleum, met inbegrip van olie en gas, is.

Fossielbrandstowwe:

Fossielbrandstowwe is energiebronne wat ondergronds gevind word en as 'fossiele' bekend staan. Soos bome en plante vrek, word dit afgebreek en raak dit gefossileerd en verander in olie, gas en steenkool. Hierdie proses neem miljoene jare. Die verbranding van fossielbrandstowwe stel kweekhuisgasse vry.

Kweekhuisgasvrystellings:

Die verbranding van fossielbrandstowwe en ander menslike aktiwiteite, soos die gebruik van motors en boerdery, stel gasse in die aarde se atmosfeer vry. Hierdie gasse word in die atmosfeer vasgevang, wat lei tot 'n kweekhuiseffek wat 'n verhoging in die aarde se temperatuur veroorsaak.

Inheemse biologiese hulpbronne:

In Suid-Afrika sluit inheemse biologiese hulpbronne enige lewende of dooie plant, dier of enige ander organisme in wat natuurlik, in 'n vrye toestand in die natuur binne die grense van Suid-Afrika voorkom, of voorgekom het. Dit sluit enige derivaat en die genetiese materiaal van sodanige plante, diere of organismes in. Inheemse volke en plaaslike gemeenskappe maak dikwels op hierdie hulpbronne staat vir hulle bestaan, medisinale behoeftes en kulturele praktyke, wat op hulle tradisionele kennis van die hulpbron gebaseer is. Die gebruik

van hierdie hulpbronne word deur die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit geregleer, wat volhoubare toegang en bewaring verseker, saam met die beskerming van die tradisionele kennis wat daarmee verband hou.

Mariene bewaringsgebiede:

'n Mariene bewaringsgebied (MBG) is 'n kusstrook of 'n deel van die oseaan wat spesifiek tot voordeel van mense en die natuur bewaar word. Dit word opgestel om die belangrike biodiversiteit in die gebied te bewaar en beperk die aktiwiteite wat in die gebied mag plaasvind. Dit behels gewoonlik beperkings op visvang, toerisme, en olie- en gasverkenning, onder andere. In Suid-Afrika word MBG's uitgevaardig ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Bewaringsgebiede.

Ontasbare kultuurerfenis:

Daar word ook na verwys as lewende erflating en is die ontasbare aspekte van oorgeërfde kultuur. Dit kan die volgende insluit: (a) kulturele tradisies; (b) mondelinge geskiedenis; (c) optredes; (d) rituele; (e) populêre geheue; (f) vaardighede en tegnieke; (g) inheemse kennisstelsels; en (h) 'n holistiese benadering tot die natuur, die samelewing en maatskaplike verhoudings.

Mynbou:

Dit is die bedrywighede of werksaamhede waartydens mineraalhulpbronne, soos steenkool, sand of diamante, uit die aarde of van onder die oseaan vloer uit onttrek word.

Produksie:

Dit is die bedrywighede of werksaamhede waarin petroleumhulpbronne, soos olie en gas, uit die aarde of van onder die seevloer uit onttrek word.

Hernubare energie:

Hernubare energie kom van natuurlike hulpbronne wat nie uitgeput raak nie, hulleself oor tyd kan "hernu" en nie kweekhuiskasse vrystel nie. Voorbeelde is, onder meer, wind- en sonkrag.

Seismiese opnames:

'n Seismiese opname is 'n metode wat gebruik word om die ondergrondse struktuur van die aarde te verken om hulpbronne soos olie en gas op te spoor en geologiese eienskappe te verstaan. Dit word gedoen deur klankgolwe in die grond in te stuur en te meet hoe dit terugkaats.



1. Inleiding: Omgewingsgeregtigheid

Omgewingsgeregtigheid is 'n basiese mensereg wat individue en gemeenskappe bemagtig om die besluite wat die oseaan, die omgewing en hulle lewens beïnvloed, te vorm en te rig. Om omgewingsgeregtigheid te bereik, verg betekenisvolle deelname in prosesse en besluitneming. Wanneer omgewingsgeregtigheid uitgeoefen word, dien dit as 'n kragtige hulpmiddel vir organisering, en mobiliseer gemeenskappe om hulle reg op 'n gesonde omgewing uit te oefen. Sonder omgewingsgeregtigheid sou talle mense, veral gemarginaliseerde gemeenskappe, negatief deur besoedeling en omgewingsagteruitgang geraak word.

In hierdie boek sal jy die antwoorde op die volgende vrae kan vind:

- 1 Hoe lyk omgewingsgeregtigheid vir kleinskaalse vissersgemeenskappe?
- 2 Wat is my omgewingsregte?
- 3 Watter wette en regulasies beïnvloed my regte?
- 4 Wat kan ek doen om omgewingsgeregtigheid na te streef?



Omskrywing en Belang

Omskrywing

Omgewingsgeregtigheid is wanneer almal gelyke gebruik, genot en beskerming van hul omgewingshulpbronne het – wat hulpbronne op land en see insluit. Wanneer besluite geneem word wat mense en die natuur beïnvloed, word almal wat deur die besluite geraak sal word, verteenwoordig en geraadpleeg, en alle ekologiese, fisiese, maatskaplike, politieke, kulturele, ekonomiese en ander faktore word oorweeg.

Omgewingsgeregtigheid gaan oor die prosesse van besluitneming en die uitkoms van daardie besluite.

Wanneer ons hoor van 'n besluit wat die omgewing raak, moet ons vra:



1 BILLIKHEID

Is die besluit billik, sonder begunstiging of diskriminasie?



3 DEMOKRASIE

Is daar na die opinie van die mense geluister en het hulle seggenskap in die uitkoms gehad?

2 VERTEENWOORDIGING EN INSLUITING



Is almal wat deur die besluit geraak sal word, met inbegrip van diegene wat 'n bestaan uit die oseaan maak, ingesluit in die besluitnemingproses? Is hulle van die besluit en die redes vir die besluit ingelig?

4 VOLHOUBAARHEID



Is hierdie besluit tot die bewil van die omgewing, en lei dit tot die beskerming van die natuur en huidige en toekomstige geslagte?



5 MENSEREGTE

Beskerm hierdie besluit my menseregte?

Hoewel ons ons kan afvra watter impak hierdie besluit op ons gemeenskap sal hê, moet ons ook oorweeg wat die impak op die natuur sal wees. Sonder die natuur sal mense nie bestaan nie. Dit help om te verstaan dat mense en die natuur onderling verbind is; en 'n impak op die een dus ook op die ander een gevoel word.

Wat sluit 'die omgewing' alles in?

In Suid-Afrika word ons gerig deur wetgewing wat 'die omgewing' omskryf. Artikel 1 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (NEMA) bepaal dat die omgewing die omstreke is waarbinne mense bestaan en dat dit bestaan uit:



Hierdie regsdefinisie toon dat **die omgewing** nie slegs die fisiese wêreld is nie, maar ook die verwantskappe daarbinne, tussen mense, diere, voëls, plante en ander aspekte van die natuur. Daar word dus erken dat ons kulture en lewenswyses 'n impak op die natuur kan hê en dat die natuur ons menslike gesondheid en welstand kan beïnvloed.

2. My Omgewingsregte

Internasionale wetgewing erken dat mense 'n skoon, gesonde en funksionele omgewing nodig het om te floreer.¹ Dit is noodsaaklik vir die genieting van grondliggende menseregte, soos die reg op lewe, gesondheid, voedsel, sanitasie, ontwikkeling en 'n genoegsame lewenstandaard.

'n Skoon en gesonde omgewing word wêreldwyd erken as bestaande uit die volgende elemente:

- **Substantiewe elemente** – skoon lug; 'n veilige en stabiele klimaat; toegang tot veilige water en voldoende sanitasie; gesonde en volhoubaar geproduseerde voedsel; nietoksiene omgewings waarin gewoon, gewerk, gestudeer en gespeel kan word; en gesonde biodiversiteit en ekosistels.
- **Prosessuele elemente** – toegang tot inligting; die reg om aan besluitneming deel te neem; en toegang tot geregtigheid en doeltreffende regsmedie, waaronder die veilige uitoefening van hierdie regte sonder enige vergelding en wraakneming.²

Om seker te maak dat individue en gemeenskappe die reg op 'n skoon en gesonde omgewing geniet, rus die volgende verpligtinge op regerings:

- Die plig om **menseregte te respekteer**, 'n negatiewe verpligting, wat vereis dat die regering nie optree op enige wyse wat met menseregte sal inmeng of die uitoefening van menseregte sou beperk nie.
- Die plig om **menseregte te beskerm** teen skending deur derde partye, 'n positiewe verpligting dat regerings maatreëls moet instel om te verseker dat daar geen skendings van mense se menseregte is nie.
- Die plig om **aan menseregte te voldoen**, 'n positiewe verpligting, wat vereis dat die regering maatreëls instel om te verseker dat alle lede van die samelewing in staat is om hulle regte te geniet. Hierdie maatreëls sluit in die opstel van beleide, strategieë, aksieplanne en die uitvaardiging van wette om te verseker dat mense hulle regte kan geniet. Dit sluit ook die plig in om te verseker dat genoeg finansies toegewys word om staatsbeleide, -planne en -strategieë te implementeer.
- Die plig om **menseregte te bevorder**, 'n positiewe verpligting, wat vereis dat die regering deur opvoeding, onderwys/opleiding en publikasies respek vir menseregte deur alle sektore van die samelewing bevorder.


Omgewingsregte in Suid-Afrika vind uitdrukking deur verskillende wette en beleide wat deur die regering uitgevaardig is. Deur hierdie regte te verstaan en uit te oefen, kan ons daaraan werk om omgewingsgeregtigheid te bewerkstellig.



1 Die resolusie oor die reg op 'n skoon en gesonde omgewing wat op 28 Julie 2022 deur die Verenigde Nasies se Algemene Vergadering aangeneem is.

2 What is the Right to a Healthy Environment? United Nations Information toeganklik by www.undp.org/sites/g/files/zskgke326/files/2023-01/UNDP-UNEP-UNHCHR-What-is-the-Right-to-a-Healthy-Environment.pdf.

Hierdie afdeling verduidelik die wette wat tersaaklik is vir **kleinskaalse vissersgemeenskappe** wat omgewingsgeregtigheid nastreef.



Nasionale wetgewing



Die Grondwet

Die **Grondwet**³ in Suid-Afrika is die hoogste wet, wat beteken dat geen ander wet, beleid of staatsoptrede die Grondwet kan teengaan of weerspreek nie. Dit sit ook die basiese menseregte van al die mense in die land deur die Handves van Menseregte uiteen.

Die Grondwet verleen aan almal die volgende regte wat met **omgewingsgeregtigheid** verband hou:

- **Artikel 24:** Die reg op 'n **omgewing** wat nie skadelik vir hulle gesondheid of welstand is nie.

Artikel 24 bepaal dat almal die reg het –

- (a) op 'n omgewing wat nie skadelik vir hulle gesondheid of welstand is nie; en
- (b) om die omgewing te laat bewaar tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte, deur redelike wetgewende en ander maatreëls wat –
 - (i) besoedeling en ekologiese agteruitgang voorkom;
 - (ii) bewaring bevorder; en
 - (iii) ekologiese volhoubare ontwikkeling en gebruik van natuurlike hulpbronne beveilig, terwyl regverdigbare ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling bevorder word.

- **Artikel 9:** Reg op **gelykheid**.
- **Artikel 10:** Die reg op **waardigheid** en dat ons waardigheid gerespekteer en beskerm word.
- **Artikel 11:** Die reg op **lewe**.
- **Artikel 15:** Die reg op vryheid van godsdiens en geloof.
- **Artikel 17:** Die reg om vreedsaam en ongewapen te vergader, te **betoog**, te staak en petisies te oorhandig.
- **Artikel 22:** Die reg om ons **beroep** vrylik te kies.
- **Artikel 27:** Die reg op toegang tot **gesondheidsorg**, genoegsame voedsel en water en **maatskaplike sekuriteit**.
- **Artikel 31:** Die reg om ons kultuur uit te leef, ons godsdiens te beoefen en ons taal te gebruik.
- **Artikel 32:** Die reg op **toegang tot inligting**.
- **Artikel 33:** Die reg op **administratiewe geregtigheid** wat wettig, redelik en prosessueel regverdig is.

Dit is alles belangrike menseregte om in ag te neem wanneer ons omgewingsgeregtigheid nastreef. Daar is ook ander menseregte wat nie hierbo genoem word nie, wat ons in ag kan neem.



³ Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996



Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur

Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (NEMA)⁴ is 'n belangrike wet wat voortbou op die reg op 'n gesonde omgewing ingevolge artikel 24 van die Grondwet. Dit bevat vereistes waaraan voldoen moet word wanneer besluite geneem word wat die omgewing sal raak, bepaal wanneer 'n omgewingsmagtiging of ander soorte toestemmings vereis word, en dit vorm 'n stelsel vir openbare deelname aan hierdie besluite.

- Die NEMA lig ons in dat **omgewingsgeregtigheid** nagestreef moet word, sodat negatiewe omgewingsimpak nie op sodanige wyse versprei word dat daar onbillik teen enige persoon, veral kwesbare en benadeelde persone, gediskrimineer word nie, en dat ontwikkelings maatskaplik, omgewings- en ekonomies volhoubaar moet wees.
- Dit sit ook die beginsel van **volhoubare ontwikkeling** uiteen en verklaar dat volhoubare ontwikkeling die oorweging van alle tersaaklike faktore vereis, insluitend dat die gebruik en ontginning van niehernubare natuurlike hulpbronne (soos olie, steenkool en gas) verantwoordelik en billik geskied en die gevolge van die uitputting van die hulpbron in ag neem. Ook dat die ontwikkeling, gebruik en ontginning van hernubare hulpbronne (soos son en wind) en die ekosistels waarvan dit deel vorm, nie die vlak waarbo die integriteit daarvan in gevaar gestel word, oorskry nie.⁵
- Die NEMA noem sekere aktiwiteite wat omgewingsmagtiging vereis voordat dit mag plaasvind.
 - Vir hierdie aktiwiteite is 'n omgewingsimpakassesseringsproses (OIA-) nodig om die **moontlike impak op die omgewing** te evalueer en te oorweeg, en te verseker dat die toepaslike maatreëls ingestel word om die negatiewe impak te versag, en dat artikel 24 van die Grondwet gehandhaaf word.
 - Dit maak dit ook moontlik vir gemeenskappe om as belanghebbende en geaffekteerde partye by die **openbaredeelnameprosesse** betrokke te wees, voordat 'n besluit oor die toestaan van omgewingsmagtiging deur die bevoegde owerheid geneem word.

Aangesien die verskaffing van energie natuurlike hulpbronne (soos steenkool, uraan, olie of gas, en water) gebruik, wat die omgewing kan beïnvloed (luggehalte, beskikbaarheid en gehalte van water, biodiversiteit), staan die beginsels en prosedures wat in die NEMA uiteengesit word, sentraal tot die versekering van die volhoubare gebruik van natuurlike hulpbronne. Hierdie raamwerk beskerm menseregte en die omgewing, wat dit vir huidige en toekomstige geslagte beveilig.

⁴ Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 107 van 1998

⁵ Artikel 2(4) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 107 van 1998





Die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne

Die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne (MPRDA)⁶ reguleer alle aspekte van minerale en petroleumhulpbronne in Suid-Afrika. Dit sluit aflandige ontginning uit die oseaan, in die vorm van prospektering of myn vir minerale en die verkenning en ontginning van petroleumhulpbronne (olie en gas) in.

- Die bepalings van die MPRDA lig ons in dat die ontginning van minerale en petroleumhulpbronne nie onaanvaarbare besoedeling, ekologiese agteruitgang of skade aan die omgewing tot gevolg mag hê nie.
- Aktiwiteite wat minerale en petroleumhulpbronne betrek, vereis omgewingsmagtiging ingevolge die NEMA om te verseker dat die moontlike gevolge vir of impak op die omgewing geassesseer en in ag geneem word, en dat toepaslike maatreëls ingestel word om die negatiewe impak te versag, wanneer daar besluit word om 'n reg of permit toe te ken, of nie.
- Hierdie proses verg ook die ontwikkeling van 'n omgewingsbestuursprogram (OBPr). Die OBPr sit uiteen hoe die aktiwiteit uitgevoer moet word om impak te voorkom en tot die minimum te beperk. Dit is in wese 'n bestuursplan vir die werksaamhede.
- Die MPRDA erken die belangrikheid van omgewingsgeregtigheid en die voorkoming van omgewingskade.



Die Wet op Geïntegreerde Kusbestuur

Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur se (NEM:ICMA)⁷ doelwitte is om:

- Te erken dat die oseaan en kus spesiale bestuur vereis;
- Die bewaring van die kusomgewing te bevorder en te poog om die natuurlike eienskappe van kuslandskappe en seegesigte in stand te hou;
- Te verseker dat die ontwikkeling en gebruik van natuurlike hulpbronne binne die kussone maatskaplik en ekonomies regverdigbaar, en ekologies volhoubaar is;
- Te vereis dat spesiale oorwegings in ag geneem word wanneer aktiwiteite in die oseaan en langs die kus omgewingsmagtiging vereis; en
- Om storting ter see, besoedeling in die kussone en ontoepaslike ontwikkeling van die kusomgewing te beheer.

Die oseaan en die kus behoort aan alle mense en word deur die staat in trust gehou. Die wet plaas 'n verpligting op die regering om te verseker dat die kus vir die beswil van die hele gemeenskap bestuur, bewaar en verbeter word. Die 'belang van die hele gemeenskap' beteken die kollektiewe belange van mense en ander lewende organismes wat van die kusomgewing afhanklik is.

⁶ Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne, 28 van 2002

⁷ Wet op Geïntegreerde Kusbestuur, 24 van 2008



Die Wet op Beskermde Gebiede

Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Beskermde Gebiede (NEM:PAA)⁸ maak voorsiening vir die vestiging en bestuur van beskermde gebiede op land en in die oseaan (soos mariene bewaringsgebiede), met inbegrip van nasionale parke, natuurreservate en wildernisgebiede; bewaring van biodiversiteit; en die beskerming van natuurlike habitats.

Die Wet beoog ook om die volhoubare gebruik van beskermde gebiede tot die beswil van mense te bevorder, op 'n wyse wat die ekologiese karakter van sodanige gebied sal behou, en om die deelname van plaaslike gemeenskappe aan die bestuur van beskermde gebiede, waar toepaslik, te bevorder.



Die Wet op Biodiversiteit

Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit (NEM:BA)⁹ beoog om die biologiese diversiteit van Suid-Afrika te bewaar en fokus op die bewaring van spesies en ekosisteme, met inbegrip van die volhoubare gebruik van inheemse biologiese hulpbronne. Sekere mariene spesies word ingevolge hierdie Wet beskerm, wat beperk of daardie spesies gevang of geoes mag word.



Die Wet op Luggehalte

Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Luggehalte (NEM:AQA)¹⁰ beoog om die omgewing te beskerm deur redelike maatreëls vir die voorkoming van besoedeling en die ekologiese agteruitgang van die omgewing in te stel. Die Wet bied norme en standaarde vir die regulering van luggehalte.



Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne

Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne¹¹ vereis van die staat om erfenishulpbronne en ook 'lewendende erfenis' veilig te hou. Lewende erfenis word omskryf as die ontasbare aspekte van oorgeërfde kultuur en kan die volgende insluit: (a) kulturele tradisies; (b) mondelinge geskiedenis; (c) optredes; (d) rituele; (e) populêre geheue; (f) vaardighede en tegnieke; (g) inheemse kennisstelsels; en (h) 'n holistiese benadering tot die natuur, die samelewing en maatskaplike verhoudings.

Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne erken ook dat erfenishulpbronne 'n belangrike deel vorm van die geskiedenis en oortuigings van gemeenskappe en bestuur moet word op 'n wyse wat die reg van geraakte gemeenskappe om geraadpleeg en om aan die bestuur daarvan deel te neem, erken.


Die OIA-prosesse ingevolge die NEMA en die MPRDA moet ook die impak van die ontwikkeling op die erfenis van kleinskaalse vissers-gemeenskappe in ag neem.

⁸ Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Beskermde Gebiede, 57 van 2003

⁹ Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit, 10 van 2004

¹⁰ Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Luggehalte, 29 van 2004

¹¹ Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 25 van 1999



Die Wet op Klimaatsverandering

Die President van Suid-Afrika het die Wet op Klimaatsverandering¹² op 23 Julie 2024 goedgekeur. Dit is Suid-Afrika se eerste stuk wetgewing wat spesifiek oor klimaatsverandering handel. Dit beoog om klimaatoptrede oor alle staatsektore heen in ooreenstemming te bring. Die Wet op Klimaatsverandering het nou in werking getree (17 Maart 2025).

Die hoofdoel van die Wet op Klimaatsverandering was om 'n doeltreffende nasionale respons op klimaatsveranderingsresponse te ontwikkel en in werking te stel. Dit sluit die ontwikkeling van 'n langtermynplan vir 'n regverdige oorgang na 'n laekoolstof- en klimaatsveerkragtige ekonomie in.

Die voorrede erken die grondwetlike reg op 'n gesonde omgewing en beklemtoon Suid-Afrika se rol in die globale poging om kweekhuysgasvrystellings te verminder.



Die Wet op die Ontwikkeling van Stroomop Petroleumhulpbronne

Die Wet op die Ontwikkeling van Stroomop Petroleumhulpbronne¹³ beoog om die verkenning en produksie van petroleumhulpbronne te reguleer en te versnel. Die Wet is op 29 Oktober 2024 goedgekeur, maar word nog nie geïmplementeer nie.

Die doelwit van die Wet is om 'n skeiding te bewerkstellig tussen die regulering van die stroomop petroleumbedryf (verkenning vir en ontginning van olie- en gashulpbronne) en die regulering van die mynbedryf, wat steeds deur die MPRDA geregleer sal word. Die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie beoog dat die Wet steeds vir die ordelike ontwikkeling van petroleumhulpbronne voorsiening sal maak en 'n bemagtigende omgewing vir die versnelling van die verkenning en produksie van die land se petroleumhulpbronne sal skep.

Wette en Beleide wat nog aan die gang is



Die Wetsontwerp op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit

Die Departement Bosbou, Visserye en die Omgewing het die Wetsontwerp op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit op 27 Maart 2024 vir openbare kommentaar gepubliseer. Die wetsontwerp sal, nadat dit goedgekeur is, die huidige Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit van 2004 wysig en vervang.

Die wetsontwerp wil meer doeltreffende operasionalisering van die bepalings en bereiking van die doelwitte van die NEM:BA van 2004; meer beskerming vir spesies en ekosistels; meer aanpasbare bestuur van spesies en ekosistels; meer doeltreffende bereiking van ekonomiese voordele in die biodiversiteitsektor; en transformasie van die biodiversiteitsektor verseker.¹⁴

¹² Die Wet op Klimaatsverandering, 22 van 2024.

¹³ Die Wet op die Ontwikkeling van Stroomop Petroleumhulpbronne, 23 van 2024.

¹⁴ https://www.dffe.gov.za/legislation/gazetted_notices/draft2024nem.biodiversitybill

Regsbeginnels

Reg op administratiewe geregtigheid

Omgewingsgeregtigheid beklemtoon **'regverdige besluitneming'** en **'regverdige uitkomst'**, wat verseker dat almal billike seggenskap in omgewingsaangeleenthede het. Net so geld die reg op administratiewe geregtigheid vir alle besluite wat deur die regering geneem word, nie net omgewingsbesluite nie. Administratiewe geregtigheid stel ons in staat om deel van die besluitneming te wees en ook om die uitkomst (wat wetgewing kan insluit) wat na ons mening onbillik is, uit te daag.

Volgens **artikel 33** van die Grondwet:

- (1) [het] elkeen die reg op administratiewe optrede wat wettig, redelik en prosessueel billik is (regverdige besluitneming); en
- (2) [het] elkeen wie se regte nadelig deur administratiewe optrede geraak is, die reg om skriftelike redes daarvoor te ontvang.

Die **Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid** is geskep om artikel 33 ten uitvoer te bring, en dien as 'n kragtige regshulpmiddel vir gemeenskappe om voorspraak vir doeltreffende administrasie, goeie regeringspraktyk en 'n kultuur van aanspreeklikheid, oopheid en deursigtigheid in openbare administrasie te maak.

'Regverdige administratiewe optrede' beteken dat:

1. Wanneer besluite deur 'n administrateur, staatsbeampte of besluitnemer geneem word ('administratiewe optrede' genoem),
2. dit **billike en redelike besluite** moet wees wat ingevolge die wet toegelaat word;
3. en dat skriftelike **redes** vir besluite verskaf moet word aan diegene wat daardeur geraak word.

Reg op Toegang tot Inligting

Artikel 32 van die Grondwet bepaal: "Elkeen het die reg op toegang tot enige inligting wat deur die staat gehou word en enige inligting wat deur 'n ander persoon gehou word, en wat nodig is vir die uitoefening of beskerming van enige regte."

Die reg op toegang tot inligting stel individue en gemeenskappe in staat om inligting rakende besluite, beleide en optrede wat hulle lewens en regte beïnvloed, van die staat en ander openbare owerhede te bekom. Hierdie reg is noodsaaklik vir die versekering van deursigtigheid en aanspreeklikheid, en bemagtig mense om ingelig te bly oor projekte en beleide wat hulle regte, omgewing en welstand kan beïnvloed. Met hierdie kennis kan gemeenskappe doeltreffend aan besluitneming deelneem, hulle bekommernisse uitspreek en owerhede vir hulle optrede aanspreeklik hou.

Die reg op toegang tot inligting is ook deurslaggewend om te verseker dat openbaredeelneprosesse billik en inklusief is. As hulle oor die nodige inligting beskik, kan mense betekenisvol by hierdie prosesse betrokke raak, met hulle regte en belange in ag geneem. Die toeganklikheid van hierdie inligting – veral ten opsigte van taal en formaat – is deurslaggewend. Owerhede en projekontwikkelaars moet seker maak dat die inligting verskaf word op 'n wyse wat maklik vir almal toeganklik is, en besef dat nie alle gemeenskapslede toegang tot digitale platforms soos sosiale media, die internet, of e-pos het nie.



3. Ontwikkelings wat my Omgewingsregte kan Beïnvloed

Regoor die wêreld is lande, multinasionale korporasies en maatskappye gedurig op soek na natuurlike hulpbronne om wins te maak. Sodra natuurlike hulpbronne ontdek word, volg grootskaalse ontwikkeling gewoonlik. Die oseaan is geen uitsondering nie. Die oseaan bevat baie hulpbronne, waaronder visspesies, maar ook diamante, olie en gas, en ander natuurlike en minerale hulpbronne.

In hierdie afdeling sal ons die verskillende soorte ontwikkelings wat tans in Suid-Afrika plaasvind en die impak daarvan op kleinskaalse vissersgemeenskappe van nader beskou.


Olie- en Gasverkenning

Ons sien tans toenemende belangstelling in olie en gas verkenning in Suid-Afrikaanse oseane. Die aktiwiteite wat met die ontginning van olie en gas verband hou, beide in die verkennings- ('soek na') en die produksiefase (onttrekking), kan gevolge vir kleinskaalse vissersgemeenskappe langs die Suid-Afrikaanse kuslyn inhou.


Die kuslyn is in groot blokke verdeel en aan verskillende maatskappye toegewys vir verkenning en produksie. Die maatskappye wat verkennings- en produksieregte bekom het, kan hierdie gebiede vir olie en gas verken, en as dit gevind word, kan produksie van daardie olie en gas begin. Maatskappye moet eers vasstel of daar olie en gas is, en of daar genoegsame olie en gas is om dit kommersieel die moeite werd te maak, voordat hulle die nodige infrastruktuur bou om die olie en gas te ontgin.

Dit beteken nie noodwendig dat verkenning en produksie in elke blok sal voortgaan, of die hele gebied in 'n blok sal dek nie. Die grootste deel van die kuslyn is egter in blokke verdeel en as olie of gas uit meer as een blok langs die kuslyn ontgin word, kan die kumulatiewe negatiewe impak op mariene hulpbronne beduidend wees.





Figuur: Kaart van die SA Petroleumagentskap wat huidige verkennings- en produksiewerksaamhede in Suid-Afrika in Desember 2024 aantoon. Bron: www.petroleumagency.co.za. (<https://www.petroleumagency.co.za/wp-content/uploads/2024/12/Hubmap1224.pdf>)



Fases van Olie- en Gasverkenning en -Produksie

1

Eerste fase: Seismiese Opnames

Dit verg die gebruik van tegnologie wat klankgolwe in die oseaan in blaas om te assessee of olie of gas moontlik onder die seebodem gevind kan word.

2

Tweede fase: Toetsputte

As data uit die seismiese opnames onthul dat daar olie of gas onder die seebodem kan wees, word toetsputte geboor om vas te stel of hierdie data akkuraat is.

3

Derde fase: Ontginning en Ontleding

Materiaal word uit die toetsputte onttrek en dit word ontleed. As olie of gas gevind word in hoeveelhede wat kommersiële ontginning 'n haalbare sakegeleentheid maak, word die perseel tot 'n produksieperseel (onttrekkings-) omskep.

4

Vierde fase: Produksi

Nog putte word geboor om die olie of gas te ontgin. Olie- of gasboortorings word gebou, wat dan kan begin om olie of gas van onder die seebodem af na die oppervlak te bring, waar dit verwerk of via pyleidings of skepe land toe gestuur word.

5

Laaste fase: Sluiting

As al die olie of gas uit die perseel onttrek is, word die put toegemaak.



Omgewingsmagtiging, lisensies en permitte

In elke fase van olie- en gasverkenning en -produksie moet maatskappye omgewingsmagtiging, lisensies of permitte bekom, voordat enige verdere werk gedoen word. Hierdie proses is deurslaggewend, aangesien dit 'n geleentheid aan gemeenskappe bied om betrokke te raak, hulle bekommernisse te lug en die uitkoms van die besluit te beïnvloed. In afdeling 6 verken ons maniere om jou omgewingsregte uit te oefen.

Mynbou

Mynbou vind op land en ter see plaas. Mynbou op land verwys na die proses van die ontginning van hulpbronne van onder die aarde se oppervlak, terwyl amlandige mynwerk minerale hulpbronne van onder die seabodem ontgin. Albei vorms van mynbou hou risiko's vir die algemene gesondheid van gemeenskappe en die omgewing in.

Kusmynbou op land vir hulpbronne soos steenkool, edelmetale en sand ontwrig die omgewing daaromheen. Dit het die potensiaal om chemikalieë en sediment in riviere en strome te stort, wat dikwels deur gemeenskappe en in die see in vloei, en vis ver van die myn se ligging af kan affekteer.


Net so maak amlandige mynbou vir hulpbronne soos goud, koper, en sink gebruik van groot seabodem- mynmasjinerie wat die potensiaal het om die seelewe, soos plankton, seediere wat diep duik en bentiese (seabodem-) en pelagiese (diepsee-) vis, deur die vernietiging van natuurlike habitats en sedimentwolke te versteur.



MYNBOU

Mynbou is die proses waardeur **minerale** hulpbronne soos steenkool, goud en diamante vanuit die aarde en onder die oseaan vloer uit onttrek word. Dit behels die opspoor van natuurlike neerslae, die boor, grawe of skiet daarvan uit die grond of see uit, en die vervoer van die grondstowwe na verwerkingsaanlegte, soos smeltaanlegte en steenkoolkragstasies.


Mynbouproses van die ontginning van minerale hulpbronne




PRODUKSIE

Produksie is die proses van ontginning van **petroleum** hulpbronne, soos olie, gas en kondensaat, vanuit die aarde en onder die oseaan vloer. Dit behels die opspoor van die olie en/of gas en die ontginning daarvan deur boorputte. Vir aflandige produksie word die hulpbronne gewoonlik via pyplyne na die kus vervoer, waar die olie en gas verder verwerk word.

Produksieproses van ontginning van petroleumhulpbronne



Mynbou behels dus die uithaal van minerale hulpbronne uit die aarde, terwyl produksie die uithaal van petroleumhulpbronne uit die aarde behels.



Kragskepe

Wat is kragkepe? Kragkepe is beweeglike, drywende kragaanlegte wat gewoonlik ná natuurrampe of noodsituasies ontplooi word om noodelektrisiteit, wat op die skip opgewek word, te verskaf. Die drywende kragaanleg gebruik vloeibare natuurlike gas of 'n ander brandstofbron om elektrisiteit op te wek. Hulle meer in hawens vas en bring die elektrisiteit via kables na die vasteland oor.

Karpowership SA ('n filiaalmaatskappy van 'n Turkse maatskappy wat regoor die wêreld kragkepe bedryf) het onlangs in Suid-Afrika die bod gewen om drie kragkepe in die hawens van Saldanha, Coega en Richardsbaai, almal hawens aan die Suid-Afrikaanse kuslyn, ingevolge 'n kontrak van 20 jaar vas te meer.

Die Karpowership-projekte het voor groot openbare teenstand en baie regs-hindernisse te staan gekom. Die Departement Bosbou, Visserye en die Omgewing het aanvanklik Karpowership se omgewingsmagtigings vir die drie projekte in Julie 2021 geweier, weens die impak daarvan op die omgewing, visserye en ekosisteme en die gebrek aan inligting vir besluitneming, aangesien die maatskappy nog nie alle bedryfsimpakte ten volle oorweeg het nie. Op daardie tydstip het Karpowership se appél teen die besluit misluk.

Teen die einde van 2023 het Karpowership daarin geslaag om omgewingsmagtigings te bekom, maar kon nie finansiële afsluiting bereik nie. Dit het daartoe gelei dat Eskom, die openbare nutsmaatskappy, hulle toegang tot die elektrisiteitsnetwerk opgeskort het. Boonop het 'n aantal burgerlike organisasies en individue suksesvol teen die Saldanha Karpowership-projek geappelleer, sodat die omgewingsmagtigings tersyde gestel is. Die toekoms vir Karpowership in Suid-Afrika bly onseker.

Waterstofaanlegte

Talle regerings en korporasies stel daarin belang om waterstof as 'n plaaslike energiebron, of vir uitvoer na lande soos dié in Europa, te produseer. Die proses vir die skep van waterstof verg elektrisiteit en water. Waterstof word uit water onttrek deur die gebruik van elektrisiteit om die watermolekules (H_2O) in waterstof en suurstof op te breek. Die waterstof word in 'n brandstofselsel geberg, wat elektrisiteit opwek. Die voordeel van waterstof is dat dit vir latere gebruik geberg, of elders heen vervoer kan word.

Sommige van die voorgestelde waterstofaanlegte vir Suid-Afrika sal in kusgebiede geleë wees, om uitvoer maklik te maak. Die diepwaterhawens van **Saldanha in die Wes-Kaap, Coega in die Oos-Kaap en Boegoebaai in die Noord-Kaap** word as moontlike ligginge beskou.

Daar is verskillende soorte waterstof, waarvan die gunstigste 'groen waterstof' is, wat geproduseer word met die gebruik van hernubare of groen energie. Nie alle waterstof is egter 'groen' nie. Dit kan ook geproduseer word met die gebruik van elektrisiteit uit fossielbrandstowwe (bv. 'n steenkoolkragaanleg), wat beteken dat die proses tot koolstofvrystellings bydra en klimaatsverandering vererger. Die proses van die skep van waterstof benodig ook groot hoeveelhede water. Suid-Afrika word beskou as 'n land met waterstres, wat droogtes en watertekorte ervaar. Dit is dus noodsaaklik dat die watervereistes van waterstofprojekte beoordeel word.

4. Impak op die Omgewing en Menslike Welstand

Kleinskaalse vissersgemeenskappe is dikwels onbewus van grootskaalse projekte totdat hulle die negatiewe gevolge begin ervaar – soos 'n skielike vermindering in vis in die oseaan, besoedeling wat deur oliestortings veroorsaak word en die vis laat vrek, of beperkings op toegang tot visvanggebiede. Wanneer gemeenskappe op hierdie manier geraak word, ervaar hulle omgewingsongeregtigheid.


Hieronder is sommige van die impakte wat deur die projekte wat in hoofstuk 3 uiteengesit word, veroorsaak kan word.

Omgewingsbesoedeling

Omgewingsbesoedeling kan gedurende al die fases van olie- en gasaktiwiteite, mynbou, kragsepe en waterstofaanlegte plaasvind. Hoewel daar regtens van maatskappye vereis word om besoedeling te versag (te verminder of stop te sit) en op te tree wanneer voorvalle plaasvind, het ons in die praktyk gesien dat daar dikwels nie genoegsaam opgetree word om besoedeling te versag en reg te stel wanneer dit wel voorkom nie, wat tot ernstige omgewingskade lei.

Voorbeelde van omgewingsbesoedeling:

- oliestortings
- gasopvlamming (wat verskeie gasvrystellings veroorsaak, waaronder swaeldioksied, koolstofdioksied, koolwaterstofverbindings, metaan ens.)
- klankbesoedeling deur, byvoorbeeld, groot skepe, seeboortorings en kragsepe
- onbehoorlike afvalbestuur (afvalwater en vaste afval wat in die see gestort word)



Impakte van boor vir olie en gas

Wanneer daar vir olie en gas geboor word, word afval geproduseer. Hierdie neweprodukte van boorwerk sluit in die vergruisde materiaal uit die boorgat (wat 'uitgrawings' genoem word) en chemikalieë wat tydens die proses gebruik word. As olie wel gevind word, kan water met klein hoeveelhede olie in ook na die oppervlak gebring word.

Aflandige olie- en gasboortorings kan ook groot hoeveelhede gifstowwe in die osean vrystel, wat 'n beduidende impak op die seelewe kan hê. Moontlike noodgevalle kan voorkom – soos oliestortings wat gevaarhoudende chemikalieë vrystel, ontploffings onder water en op die oppervlak, en brande wat mense, die omgewing en eiendom kan skaad. Katastrofiese stortings en uitbarstings is gedokumenteerde bedreigings in aflandige boorbedrywighede. Daar word van maatskappye vereis om versagtingsplanne vir hierdie stortings en uitbarstings gereed te hê.

Gevallestudie: Die Deepwater Horizon- oliestorting

Die Deepwater Horizon-oliestorting in 2010 in die Golf van Mexiko is 'n voorbeeld van hoe katastrofies olie- en gasboorwerk kan wees. Op 20 April 2010 het 'n boortoring van British Petroleum (BP) ontplof, wat 'n groot storting in die osean veroorsaak het. Dit het amper vyf maande gevat om die put verseël te kry en in hierdie tydperk het enorme hoeveelhede olie in die osean uitgelek, wat een van die ergste omgewingsrampe in die onlangse geskiedenis veroorsaak het. Selfs twee jaar nadat die put verseël is, was daar nog verslae dat die olie steeds uitlek.

Die storting se impak was wydverspreid: kusmoeraslande het gevrek, die seelewe het beduidende verliese ervaar, en groot hoeveelhede metaan is in die lug vrygestel. Daar is steeds olie in die osean en op die seabodem. Dit raak nie slegs vissermanne nie, maar ook ander sektore wat met die osean verband hou, soos toerisme en bewaring.



Biodiversiteitsimpakte

Suid-Afrika spog met 'n groot verskeidenheid ekosistels en spesies, met nege verskillende aardbiome (fynbos, grasveld, savanna, Nama-Karoo, vetplant-Karoo, woud, subtropiese struikgewas, Indiese Oseaan-kusgordel en woestyn), talle varswaterekosistels, diverse en uitgebreide mariene ekosistels en meer as 95 000 bekende spesies van lewende organismes.¹⁵

Oor die afgelope paar jaar was daar heelwat verlies en agteruitgang van die omgewing (ook bekend as habitats) wat plante, diere en mense nodig het om te oorleef. Faktore wat tot hierdie verlies aan habitats bygedra het, sluit in: klimaatsverandering; onvolhoubare grondgebruik en seegebruik; ontoepaslike of swak geleë en beplande projekte; ontwrigting van riviere, vleilande en riviermondings weens oormatige wateronttrekking en -besoedeling; indringerspesies (plante en diere); vernietiging en oorbenutting van spesies, veral in die mariene omgewing; onwettige wildhandel en ander onwettige hulpbrongebruik.¹⁶

Olie- en gasverkenning, mynbou, kragsepe en waterstofaanlegte hou bykomende bedreigings in deur die besoedeling van die mariene omgewing, wat vis, voëls, seeskilpaaie, walvisse, haaie, pikkewyne, koraalriwwe en ander spesies beïnvloed. Hierdie ontwikkelings kan mariene spesies op die volgende maniere skaad:

- Harde geluide, menslike aktiwiteit en voertuig-/vaartuigverkeer weens boorwerk ontwrig diere se kommunikasie, voortplanting en nesmakery.
- Vis en ander diere beweeg uit die gebied weg.
- Geraas beïnvloed vis en seediere wat op klank staatmaak om prooi op te spoor, te navigeer en te kommunikeer.

Wanneer sekere spesies geskaad word, kan dit deur 'n hele ekosistelsel neergolf, wat die algehele biodiversiteit en gesondheid van die ekosistelsel bedreig.

Impakte op Kulturele en Geestelike Regte

Hierdie ontwikkelings in die oseaan en naby die kuslyn kan die geestelike en kulturele lewenswyse van kleinskaalse vissersgemeenskappe wat met die oseaan verbind is, ontwrig. Die projekte kan kulturele en geestelike hulpbronne beskadig, wat die gemeenskapslede se sin van self, identiteit en waardigheid kan wegkalwe. Byvoorbeeld, skadelike ontwikkelings kan die visbevolkings en -trekroetes verander, wat tot die beduidende verlies van tradisionele, gewoonte- en ontspanningsvisvangpraktyke kan lei. Dit bedreig nie slegs die bestaan van die gemeenskappe nie, maar ook hulle geestelike en kulturele verbintenis met die oseaan.

¹⁵ Nasionale Biodiversiteitsraamwerk 2019 tot 2024

¹⁶ Nasionale Biodiversiteitsraamwerk 2019 tot 2024



Menslike en Sosio- ekonomiese Impakte

Kleinskaalse vissersgemeenskappe ervaar dikwels ontwigting van hulle bestaan en tradisionele leefstyl, weens veranderinge in grond- en seegebruik. Gemeenskappe kan inkomste verloor as hulle op toerisme- of marienegebaseerde besighede staatmaak, wat dalk deur die olie- en gasontwikkelings beïnvloed kan word. Baie mense in kusdorpe is van die oseaan afhanklik om 'n bestaan te maak. Hierdie projekte kan dus 'n ernstige bedreiging wees vir plaaslike ekonomieë en die welstand van diegene wat van die see afhanklik is.

Klimaats- veranderingimpakte

Mynbou op land en ter see, kragsepe wat elektrisiteit uit fossielbrandstowwe opwek en waterstof uit fossielbrandstowwe bekom, stel alles kweekhuigasse soos koolstofdioksied en metaan vry. Hierdie gasse verwarm die atmosfeer (sien die onderstaande afbeelding). Dit word 'aardverwarming' genoem en lei tot stygende temperature op land en onder die oseaan. Hierdie stygende temperature kan nog katastrofiese gebeure soos tsunami's, veldbrande, storms, modderstortings, droogtes en sonsteekverwante sterftes veroorsaak.

Die olie- en gasbedryf dra meer as 42% van globale kweekhuisgasvrystellings by, wat dit 'n groot aandrywer van klimaatsverandering maak.



Waarom 1.5 grade saak maak

Ons aarde raak sedert industrialisering in die 1800's, toe die gebruik van fossielbrandstowwe meer prominent geraak het, al hoe warmer. Fossielbrandstowwe stel kweekhuigasse vry wat hitte in die atmosfeer vasvang, en 'aardverwarming' veroorsaak. Die Internasionale Paneel op Klimaatsverandering waarsku dat ons die verhoging van die aardtemperatuur onder 1.5°C (vergeleke met pre-industriële vlakke) moet hou, as ons 'n katastrofe wil voorkom. 'n Verhoging van 2°C sal ernstige reperfussies vir die planeet inhou.


Ten spyte van internasionale druk doen lande en maatskappye nie genoeg om vrystellings te verminder nie. As ons op ons huidige pad voortgaan, sal aardverwarming voortdurend 1.5°C oorskry. 2024 was die eerste kalenderjaar wat die gemiddeld 1.5°C oortref het. Ons moet dus nou optree.

Om onder 2°C te bly, moet 'n derde van die oliereserwes en meer as 80% van die huidige steenkoolreserwes van 2010 tot 2050 ongebruik bly. Dit beteken dat selfs die olie en gas wat reeds ontdek is, nie gebruik kan word as ons 'n planeetram wil voorkom nie.

Lande soos Suid-Afrika behoort dus olie- en gasverkenning en -produksie te staak. Ten spyte van al die waarskuwings bly lande en maatskappye egter steeds op soek na nuwe olie en gas en laat ons dit toe.



WAAROM DIE KLIMAAT BESIG IS OM TE VERANDER





Hoe beïnvloed klimaatsverandering vissers- en kus-gemeenskappe?

Soos die planeet warmer word, styg die temperatuur van die oseaan, wat die seelewe en habitats wat vir kleinskaalse vissersgemeenskappe van belang is, beïnvloed. Vissersgemeenskappe sien reeds 'n verandering in die trekpatrone van die vis, waar dit gevind kan word en die grootte van die bevolkings, wat beteken dat daar minder vis is om te vang en wat dus die bestaan van vissersgemeenskappe direk raak.

Klimaatsverandering veroorsaak ook groter storms en stormgolwe, wat 'n gevaar vir vissers inhou, aangesien die rowwe see hulle werk gevaarliker maak.

Afrika is besig om vinniger as die res van die wêreld te verwarm, en is gevolglik meer aan klimaatsverwante skokke blootgestel, waaronder vloede, droogtes, storms, hittegolwe en peste. Hierdie gebeure kan oeste, huise en inkomstes verwoes, wat reeds kwesbare gesinne in uiterste armoede kan laat beland.

Gevallestudie: Oorstromings in Durban

In 2022 het die stad Durban in Suid-Afrika erge oorstromings ervaar. Die gebied het meer as 300 mm reën in 24 uur ontvang. Hierdie tragiese gebeure het daartoe gelei dat 459 mense hulle lewens verloor het en 88 steeds teen die einde van Mei 2022 vermis was. Meer as 4 000 huise is vernietig, 40 000 mense is haweloos gelaat, en 45 000 mense was tydelik werkloos. Die koste van die skade aan infrastruktuur en besighede is op ongeveer R40 miljard beraam.

Navorsing deur die Universiteit van die Witwatersrand het dit uitgewys as "die mees katastrofiese natuurramp wat nog in KwaZulu-Natal (KZN) aangeteken is, kollektief ten opsigte van lewensverlies, skade aan of vernietiging van huise en infrastruktuur en ekonomiese impak."¹⁷

Armoede kan die effek van ekstreme weergebeure vererger, aangesien kwesbare gemeenskappe dikwels in vloedvatbare gebiede woon, nie sterk huise het nie en nie voorkomende maatreëls soos doeltreffende dreineringsstelsels kan bekostig nie. Vir diegene wat daardeur geraak is, het die uitdagings voortgeduur lank nadat die oorstromings gesak het. Talle het geen versekering gehad nie en moes op die staat en skenkings staatmaak om te herbou. Hulle moes dalk verskuif en verder van noodsaaklike dienste af wegtrek. Skade aan die rioolstelsels in Durban het besoedeling van die riviere en oseaan veroorsaak, wat die vissermanne en die toerismesektor geskaad het. In 2024 veroorsaak besoedeling steeds dat strande van tyd tot tyd gesluit moet word, wat toerisme benadeel en die plaaslike ekonomie beïnvloed.

¹⁷ <https://www.wits.ac.za/news/latest-news/general-news/2023/2023-04/the-2022-durban-floods-were-the-most-catastrophic-yet-recorded-in-kwazulu-natal.html>




5. Die Uitoefening van my Omgewingsregte: Hoe om Betrokke te Raak

Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (NEMA) beklemtoon dat omgewingsgeregtigheid nagestreef moet word, enige ontwikkeling moet rig en verseker dat dit maatskaplik, omgewings- en ekonomies volhoubaar is.

Gemeenskappe moet ingelig en geraadpleeg word, voordat enige ontwikkeling plaasvind. Gemeenskappe het die reg om inligting aan te vra, vrae te vra en om die ontwikkelaar van die impak van die ontwikkeling op die gemeenskap in te lig. As hulle glo dat daar inbreuk op hulle regte gemaak word, het gemeenskappe ook die reg om regstappe teen die ontwikkelaar of die regering in te stel.

In hierdie hoofstuk sal jy leer hoe om aan besluitneming oor ontwikkelings in jou gebied deel te neem. Daar sal gefokus word op openbaredeelnameprosesse vir projekgoedkeuring en op begrip van die wet en beleidsontwikkeling.



Deelname aan Omgewingsimpakassesserings

Omgewingsimpakassesserings (OIA's) is prosesse waardeur die toekomstige omgewings-, maatskaplike en ekonomiese impakte van voorgenome ontwikkelings geassesseer word, en versagtingsmaatreëls wat die negatiewe impakte op individue, gemeenskappe en die omgewing sal verminder (waar moontlik), voorgestel word. Hierdie prosesse word deur omgewingsassesseringspraktisyne, wat onafhanklik van die ontwikkelaar of projek is, uitgevoer.

OIA-prosesse oorweeg die volgende impakte van die projek:

- **Omgewingsimpakte** (op die oseaan, waterhulpbronne soos riviere, strome, vleilande en ondergrondse water, bio-diversiteit, landbou, luggehalte en grond)
- **Maatskaplike impakte** (op die omliggende gemeenskappe, ontasbare kulturele erfenis, gesondheid, geestelike ont-heemding, maatskaplike samehorigheid, veiligheid en sekuriteit)
- **Ekonomiese impakte** (op bestaansmiddele, die plaaslike en groter ekonomie, en werksgeleenthede).

'n OIA word deur die besluitnemer gebruik om te besluit of omgewingsmagtiging vir die ontwikkeling toegestaan moet word. Hierdie besluit hang af van of die geassesseerde impakte en aanbevole versagtingsmaatreëls as aanvaarbaar beskou word. Die besluitnemer, of bevoegde owerheid, kan die plaaslike of nasionale regering wees, afhangende van die soort aktiwiteit.

Sedert 2024 benodig mynboumaatskappye beide mynregte, 'n mynpermit, prospekterregte of 'n prospekterpermit en omgewingsmagtiging. Dit word die een omgewingstelsel genoem. Net so, vir olie- en gasaktiwiteite, benodig hulle 'n reg of permit, sowel as 'n omgewingsmagtiging.





Soorte OIA-prosesse


NEMA noem spesifieke aktiwiteite wat 'n OIA verg. Daarbenewens reguleer die MPRDA die minerale- en petroleumaktiwiteite wat ingevolge die NEMA 'n OIA verg.

Aktiwiteite wat potensieel minder skadelik is, verg 'n Basiese Assessering (BA) en aktiwiteite wat potensieel meer skadelik is, verg 'n Bestekopname en Omgewingsimpakverslagdoeningsproses (B&OIV), somtyds genoem 'n volledige OIA.


OPSOMMING







Bestekopname en Omgewingsimpakverslagdoeningsproses (B&OIV)



Totale tyd:
300 DAE
*tensy verleng



Openbare
kommentaar:
30 DAE



Openbare
kommentaar:
30 DAE





APPÉL

Hoe om teen 'n omgewingsmagtiging te appelleer

Sodra 'n omgewingsmagtiging toegestaan word, moet die besluit en die redes daarvoor met alle belanghebbende en geaffekteerde partye (B&GP) gedeel word.

- Jy kan binne **20 dae** by die Minister van Bosbou, Visserye en die Omgewing (DBVO) teen die omgewingsmagtiging appelleer. Die DBVO is die appélowerheid, al word die magtiging deur die DMHE toegestaan.
- Die appél moet in die **voorgeskrewe formaat**, op die Appélvorm wat op die DBVO se webwerf beskikbaar is, ingedien word.
- Wanneer jy die appél instuur, moet 'n afskrif van die omgewingsmagtiging en bewys dat jy van die magtiging in kennis gestel is, by jou e-pos aangeheg word.
- Dit is belangrik om appél aan te teken, aangesien dit aan jou die geleentheid sal bied om die hof te nader as dit afgewys word.





Betrokkenheid by OIA's

Openbare deelname is 'n hoofkomponent van OIA's, wat verseker dat die stemme van die partye wat daardeur geraak word en daarby belang het, deur die verskillende fases heen gehoor word. Dit dra daartoe by om die proses oop, deursigtig en geloofwaardig te maak. Dit is belangrik dat gemeenskappe betrokke raak om seker te maak dat hulle omgewingsregte gehandhaaf word.

Wanneer 'n maatskappy begin met 'n ontwikkeling wat 'n OIA verg, sal hy 'n omgewings-assesseringspraktisyn (OAP) aanstel om oor die proses toesig te hou.

Hoe om betrokke te raak:


- ✓ **Registreer as 'n belanghebbende en geaffekteerde party (B&GP):** Sodra jy hoor van die ontwikkeling, vind uit wie die OAP is en registreer deur 'n e-pos aan hulle te stuur. Enigiemand kan as 'n B&GP registreer, nie net diegene wat naby die voorgename perseel woon nie.
- ✓ **Vra projekdokumentasie aan:** Dokumentasie rakende die projek is gewoonlik op die OAP se webwerf beskikbaar. Die OAP moet ook harde kopieë by openbare plekke, soos biblioteke, beskikbaar stel.
- ✓ **Woon openbare vergaderings by:** Neem deel aan die openbare vergaderings wat deur die loop van die OIA-proses gehou word. Vra vrae en spreek jou besware of ondersteuning tydens hierdie vergaderings uit. Dit is die OAP se plig om na jou besware te luister en objektief te reageer.
- ✓ **Dien skriftelike kommentaar in:** Dien skriftelike kommentaar in om jou besware by elke geleentheid gedurende die OIA-proses te opper.
- ✓ **Soek hulp, indien nodig:** As jy nie jou kommentaar op skrif kan stel nie, kontak die OAP en vra hulle om jou besware mondeling aan te teken.




Wat is betekenisvolle deelname aan openbare vergaderings?

Geaffekteerde gemeenskappe moet betekenisvol geraadpleeg word met elke stap in 'n projek – van die ontwerp af, tot en met implementering en monitering. Dit vereis dat daar aan gemeenskapsprotokolle, -waardes en -tradisies gehou moet word, veral tydens interaksie met tradisionele owerhede. 'n Volhoubare konsultasieproses vergroot die besluitnemingsirkel en respekteer die rolle van gemeenskappe, met inbegrip van hulle tradisionele en ekologiese kennis en bestuursbeheerstelsels.

Stap 1 – Identifiseer belanghebbende en geaffekteerde partye



Stap 2 – Omgang met belanghebbende en geaffekteerde partye



Hoe om betekenisvolle betrokkenheid te verseker

Deur die onderstaande stappe te volg, kan gemeenskapsgroepe by besluitnemingsprosesse ingesluit word om aan die behoeftes van die gemeenskappe wat daardeur geraak sal word, te voldoen.

1) Gemeenskapsbetrokkenheid:

- ✓ Geaffekteerde gemeenskappe moet van die begin af beduidende seggenskap in die projek hê, met inbegrip van omgewingsbestuur- en monitoringsplanne.
- ✓ Die voorstellers van die projek en staatsowerhede moet die betrokkenheid van plaaslike kundiges, veral diegene met tradisionele kennis, fasiliteer.
- ✓ Plaaslike kundiges moet vroeg in die projek reeds uitgeken en betrek word.

2) Hoe om geaffekteerde gemeenskappe betrokke te kry:

- ✓ Ontwikkelaars moet aktief na gemeenskapbesware luister en objektiewe terugvoer verskaf, en die besware by die assesseringsproses inkorporeer.
- ✓ Openbare vergaderings moet gehou word in 'n taal wat deur die deelnemers verstaan word, en tolkdienste moet waar nodig voorsien word.
- ✓ Kwesbare groepe, waaronder vroue, bejaardes en die jeug, moet aangemoedig word om deel te neem en hulle menings te lug.
- ✓ Gereelde terugvoer moet regdeur alle fases van die projek verskaf word, en die gemeenskapsinsette moet in die finale beleide, planne of projekte weerspieël word. Terugvoer kan in verskillende formate gedokumenteer word, soos skriftelike verklarings, video- of klankopnames (met toestemming van die gemeenskap).

3) Toeganklike en verstaanbare inligting:

- ✓ Alle inligting oor 'n beleid, plan of projek, met inbegrip van moontlike risiko's en voordele, moet duidelik en verstaanbaar aangebied word.
- ✓ Inligting moet vooraf beskikbaar gestel word, in tale wat deur die geaffekteerde gemeenskappe gepraat word en in 'n formaat wat individue met gestremdhede en diegene wat nie kan lees nie, akkommodeer.

4) Gemeenskapsgerigte ontwerp:

- ✓ Beleide, planne en projekte moet ontwerp word om die behoeftes en besware van die geaffekteerde gemeenskappe aan te spreek. Dit sluit die identifisering van moontlike risiko's en die inkorporasie van plaaslike kennis en ondervinding in die ontwikkelingsproses in.
- ✓ Gemeenskapsontwikkelingsdoelwitte behoort die formulering van omgewingsbestuurs- of monitoringsplanne te rig.



Openbare Deelname aan die Opstel van Wetgewing

Openbare deelname is noodsaaklik vir die opstel, inwerkingstelling en toepassing van wetgewing. Wanneer wette opgestel word, moet die Parlement die publiek, veral plaaslike gemeenskappe wat daardeur geraak sal word, betrek om seker te maak dat die wette die doelwitte en waardes van die samelewing weerspieël. Hierdie betrokkenheid is 'n kragtige middel vir burgers om maatskaplike verandering aan te dryf, en skep vertroue en konsensus tussen die staat en die publiek.

VERSKIL TUSSEN BELEID EN WETGEWING



WETGEWING:

Wette bepaal standarde, prosedures en beginsels waaraan voldoen moet word. Indien wette nie nagekom word nie, kan daar gevolge wees vir diegene wat dit oortree.



BELEID:

'n Beleid sit kortliks uiteen wat 'n staats-ministerie beoog om te bereik en die metodes en beginsels wat gebruik sal word om dit te bereik. 'n Beleidsdokument is nie 'n wet nie, maar dit sal dikwels aandui watter nuwe wette nodig sal wees om die doelwitte daarvan te bereik.

Fases in die voortbring van beleide en wette

Dit is die verantwoordelikheid van die wetgewende tak (Parlement) om beleide goed te keur en nuwe wette goed te keur om die beleide ten uitvoer te bring. Dit is 'n lang en stadige proses.

- 1 Die regering verskaf 'n visie, doelwitte en rigting:** Die regering skep 'n visie en doelwitte vir spesifieke kwessies, wat tot 'n konsep (wat 'n groenskrif genoem word) lei. Hierdie dokument sit die aanvanklike idees vir 'n wet kortliks uiteen en word vir openbare terugvoer gedeel. Nadat insette ingesamel is, word 'n meer gedetailleerde besprekingsdokument, die witskrif, opgestel, wat die staatsbeleid uiteensit.
- 2 Aanvaarding van witskrif:** Ná deeglike debat word die finale beleid as 'n witskrif gepubliseer. Hierdie dokument dien as 'n gedetailleerde plan wat tot nuwe wette kan lei. Dit word in die Parlement gedebatteer en deur die Kabinet goedgekeur.
- 3 Opstel van 'n wetsontwerp:** Die witskrif kan tot nuwe wetgewing lei. As 'n nuwe wet nodig is, stel die departement of minister dit op en word dit aanvanklik 'n konsepwetsontwerp genoem. Sodra dit aan die Parlement voorgelê is, word dit 'n wetsontwerp.
- 4 Uitvaardiging van 'n wet:** Sodra 'n wetsontwerp ter tafel gelê is, sal dit 'n nommer ontvang en as 'n wetsontwerp vrygestel word, byvoorbeeld B6 van 2024, en dan deur die proses gaan om 'n wet te word. Die wetsontwerp word aan beide huise van die Parlement voorgelê – die Nasionale Vergadering (NV) en die Nasionale Raad van Provinsies (NRP) – wat dit na die toepaslike Portefeulje- of Gekose Komitee verwys vir oorweging.

Die Grondwet vereis dat die NV en die NRP openbare deelname fasiliteer gedurende hul wetgewende en parlementêre prosesse. Die NV en die NRP, of enige van hul komitees, ontvang petisies, voorleggings of geskrewe of mondelinge insette van die publiek oor gepubliseerde wetsontwerpe. Hierdie is die beste tyd om vir veranderinge te lobby of om beswaar te maak teen die beginsels van 'n wetsontwerp.

As die wetsontwerp groot openbare belang behels, is die NV en die NRP verplig om openbare verhore in al die provinsies te reël en te fasiliteer om 'n mandaat van die

publiek te verkry oor of die wet ingestel moet word en in watter vorm. Nadat die openbare deelnemingsproses voltooi is, moet die NV en die NRP alle voorleggings wat gemaak is, betekenisvol oorweeg en besluit of die wet met wysigings aangeneem moet word, verwerp moet word, of teruggestuur moet word na die betrokke minister om herskryf te word.

Indien die NV of die NRP die wetsontwerp aanvaar, word dit na die President gestuur vir goedkeuring en ondertekening. Sodra die President die wetsontwerp onderteken, word dit 'n wet.

- 5 Inwerkingtrede van die wet:** Nadat die Parlement 'n wet uitgevaardig het, of 'n beleid gepubliseer is, is die nasionale en provinsiale ministeries daarvoor verantwoordelik om dit te operasionaliseer. Indien nodig, kan plaaslike regerings bykomende reëls skep om die besonderhede van die oorspronklike wet duideliker te maak.

Waarom moet jy aan die wetgewende proses deelneem?

Deelname aan die wetgewende proses is noodsaaklik vir die beskerming van grondliggende menseregte. Wette kan regte beperk, maar sodanige beperkings moet **redelik en regverdigbaar** in 'n oop en demokratiese samelewing wees. Om te verseker dat wette billik is en nie inbreuk op grondwetlike regte maak nie, is burgerlike deelname noodsaaklik.

Die Grondwethof (die hoogste hof in Suid-Afrika) het onlangs beslis dat:

“Openbare deelname dien as voorsorg om te voorkom dat die belange van die gemarginaliseerde geïgnoreer of wanvoorgestel word. Die belangrikheid van openbare deelname vir die vooruitgang van Suid-Afrika se demokratiese projek word onderstreep deur die koloniale en apartheidsregering se algehele verontagsaming van die siening van die mense in die maak van wette oor hulle lewens.” (Eie vertaling)

Regter Theron in die grondwetlike uitdaging van die Wet op Tradisionele en Khoi-Sanleierskap (Mogale and Others v Speaker of the National Assembly and Others).

Artikel 72(c) en 118(1) van die Grondwet vereis dat die Parlement en provinsiale wetgewers openbare deelname aan die wetgewende proses fasiliteer deur betekenisvolle geleenthede vir deelname aan die wetgewende proses te voorsien, en te verseker dat burgers oor die vaardighede beskik om doeltreffend deel te neem.

Hoe om deel te neem?



1

Jy kan 'n skriftelike voorlegging aan 'n parlementêre komitee rig of op 'n beleid kommentaar lewer wanneer daarvoor gevra word.




2

Jy kan die openbare vergaderings oor wetsontwerpe wat deur die Parlement gehou word, bywoon en mondelinge voorleggings doen.

Deur enige hiervan te doen, kan jy dalk in staat wees om die mening van komiteeëde wat 'n stuk konsepwetgewing bespreek, te beïnvloed voordat dit 'n wet word.

Hou tred en toon belangstelling in die wetgewing, beleide en regeringspraktyk van die land om seker te maak dat staatsbeamptes verantwoordbaar gehou word.



Konsepwetsontwerpe wat vir openbare kommentaar beskikbaar is, kan gevind word op die webwerf van die Parlementêre Moniteringsgroep by pmg.org.za of in die Staatskoerant op die webwerf van die Departement Staatsdrukkery by gpwonline.co.za

Toegang tot Inligting deur PAIA-versoeke

Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA)¹⁸ bring die reg op toegang tot inligting ingevolge artikel 32 van die Grondwet van Suid-Afrika ten uitvoer.

PAIA-handleiding: Elke openbare liggaam moet 'n PAIA-handleiding hê, met besonderhede van hoe om 'n versoek om inligting in te dien en watter vorms vereis word. Hierdie handleidings is beskikbaar:

- Op die webwerf van die openbare liggaam;
- By die hoofkantoor tydens gewone kantoorure; en
- Deur 'n harde kopie aan te vra, hoewel daar koste aan verbonde kan wees.
- Die kontakbesonderhede van die inligtingsbeampte by elke openbare liggaam sal ook ingesluit wees.

Lê 'n klagte: As 'n openbare liggaam nie binne 30 dae op 'n PAIA-versoek reageer nie en geen skriftelike redes verskaf vir die vertraging nie, kan jy 'n klagte by die Inligtingsreguleerder lê.

Wie kan inligting aanvra: Enigiemand, hetsy 'n burger of nie, kan 'n versoek ingevolge PAIA rig, maar dit moet op die amptelike vorm gedoen word.

Aanvraag by privaat liggame: Wanneer die versoek aan 'n privaat entiteit (soos 'n olie- of gasmaatskappy) gerig word, moet jy verduidelik waarom jy die inligting nodig het om 'n ander reg te beskerm of uit te oefen. Hierdie rede moet verder strek as net die reg op toegang tot inligting. Byvoorbeeld:

- Jy kan planne van 'n maatskappy aanvra om die besoedelingsimpak op jou gemeenskap te monitor, wat jou reg op 'n gesonde omgewing beskerm.
- Jy kan rekords aanvra om vas te stel of jy 'n siviele eis teen iemand kan instel.

Reg om inligting oor die omgewing aan te vra: Niemand mag toegang geweier word nie tot "inligting oor die uitslag van enige produk- of omgewingstoetsing of ander ondersoek wat deur 'n derde party voorsien is, of die uitslag van sodanige toetsing of ondersoek wat deur of namens 'n derde party uitgevoer is en waarvan die bekendmaking 'n ernstige openbareveiligheids- of omgewingsrisiko kan blootlê."¹⁹ (Eie vertaling)

¹⁸ Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2 van 2000

¹⁹ Artikel 36 van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2 van 2000



Gevallestudie: Vissersgemeenskappe in Suid-Afrika gebruik die wet om seismiese toetsing in hulle oseane uit te daag

In 2021 en 2022 het vissersgemeenskappe in Suid-Afrika, met die steun van organisasies sonder winsbejag, twee maatskappye hof toe geneem wat toestemming en magtiging van die staat ontvang het om seismiese toetsing langs die kuslyn van die land te doen.

Die eerste maatskappy, **Shell**, met Britse en Nederlandse bande, het aangekondig dat hulle in Desember 2021 met seismiese toetsing aan die **Wildekus** sou begin, wat daartoe gelei het dat twee aparte sake voor die hof gebring is. Die eerste een was nie geslaagd nie, maar die tweede een het daarin geslaag om Shell te verhoed om seismiese toetsing te doen, totdat die hof in staat was om te ondersoek of hulle permit wettig bekom is.

Die tweede maatskappy, 'n Australiese maatskappy genaamd **Searcher**, was in 2022 besig met seismiese toetsing aan die **Weskus**, nadat hulle 'n verkenningspermit ontvang het. Gemeenskappe aan die kuslyn het vinnig gemobiliseer om verdere toetsing te staak en het 'n interdik van die hof bekom.

Maatskappye gebruik **seismiese toetsing** om vas te stel of daar neerslae van olie of gas onder die seebodem is. Skepe wat hoëvolume- luggewere sleep, blaas klankgolwe afwaarts na die seebodem toe, wat dan 'n beeld oplewer waaruit hulle kan sien of daar olie- of gasneerslae in 'n sekere gebied is. Dan boor hulle toetsputte en onttrek van die neerslag. Hulle ontleed die monsters van die neerslag om vas te stel wat dit is en hoeveel daarvan daar is. As hulle voel dat daar groot genoeg hoeveelhede olie of gas is om die oprig van olie- en gasboortorings winsgewend te maak, sal hulle begin met die bou van die infrastruktuur wat nodig is om die olie en gas te ontgin – met inbegrip van boortorings en pypleidings, en ook die geriewe op land.

Seismiese toetsing kan die seelewe beïnvloed. Die vissersgemeenskappe in hierdie gevalle het geglo dat hulle bestaan en die oseaan self deur seismiese toetsing geskaad sou word, aangesien sekere visspesies negatief daardeur geraak sou word. Daar is egter baie min navorsing beskikbaar wat die werklike impak op die seelewe aantoon. Hoewel seismiese toetsing reeds dekades lank plaasvind, is die navorsing van die impak van seismiese toetsing baie duur en kan slegs baie groot maatskappy dit bekostig. Totdat ons meer weet, moet ons versigtig optree.

Wat duidelik is, is dat daar sekere wetlike standaarde is waaraan voldoen moet word as 'n maatskappy wil begin met iets wat die omgewing kan skaad en wat die mense wat vir hulle welstand op die omgewing staatmaak, kan skaad. Suid-Afrika het baie goeie omgewingswetgewing, soos die NEMA, om te verseker dat hierdie skade tot die minimum beperk word, maar maatskappye ignoreer dikwels die wet. Dan is dit nodig dat gemeenskappe die howe nader as hulle voel dat maatskappye onwettig optree, soos in die geval van Searcher en Shell.

Op watter regstandaarde het die gemeenskappe hulle in die hof beroep om die seismiese toetsing te stop?

Skade aan bestaansmiddele, kultuur en erfenis, en die omgewing. Vissers-gemeenskappe aan die Weskus en die Wildekus van Suid-Afrika vang al geslagte lank vis aan die kuslyn. Die oseaan is deel van hulle erfenis, maar hulle maak ook 'n bestaan daaruit. Vir sommige gemeenskappe is die oseaan 'n belangrike bron van geestelike verbintenis. Hulle glo dat hulle voorvaders in die oseaan bly. Hulle erfenis en kulturele oortuigings verdien om beskerm te word, soos ingevolge artikel 31 van die Grondwet.

Wanneer oorweeg word om toestemming aan maatskappye te verleen om seismiese toetsing te doen, word daar van die staat verwag om gemeenskapsregte en die reg op 'n gesonde omgewing in ag te neem. Gemeenskappe aan die Weskus in die Searcher-saak en gemeenskappe aan die Wildekus in die Shell-saak het in twee aparte gevalle die hof genader omdat hulle gevoel het dat hierdie regte deur Searcher en Shell geskend sou word.

Konsultasie en openbare deelname. In Suid-Afrika het gemeenskappe die reg op inligting oor projekte wat hulle kan affekteer – en hulle het die reg om aan besluitneming deel te neem.

“...die gemeenskap is 'n aparte entiteit van die Hoof en 'Hoof' beteken nie die gemeenskap nie.”

[paragraaf 93 van *Sustaining the Wild Coast NPC and Others v Minister of Mineral Resources and Energy and Others* (3491/2021) [2022] ZAECKMHC 55; 2022 (6) SA 589 (ECMk) (1 September 2022)] (Eie vertaling)

Wat is die hooflesse uit hierdie hofsake?

In albei gevalle het die hof bevind dat die maatskappy wederregtelik opgetree het. Die hof het die skade wat die seismiese toetsing aan die mense se erfenis en bestaan kon aanrig, erken, en ook die moontlike skade aan die omgewing, en gevoel dat die openbaredeelnameprosesse gebrekkig was. Hierdie suksesvolle uitkomstes leer vir ons die volgende:

- 1** **Dat gemeenskappe magtig is wanneer hulle saamwerk**, die wet gebruik en op hulle regte aandring.
- 2** **Dat maatskappye verplig word om omvattende en billike konsultasieprosesse uit te voer**, voordat hulle met 'n projek begin. Hierdie prosesse moet só lyk:
 - a. Dit moet in die oorheersende taal van die gebied plaasvind
 - b. Dit moet soveel geaffekteerde mense as moontlik betrek en nie net die gemeenskapsleiers nie
 - c. Die sienings van hierdie gemeenskappe moet in ag geneem word
 - d. Inligting moet aan die geaffekteerde gemeenskappe gegee word.
- 3** **Die regering moet die regte van mense wat geraak kan word**, asook die moontlike skade aan die omgewing, in ag neem voordat projekte toegelaat word om voort te gaan.



Akronieme en afkortings om van kennis te neem:

DBVO	Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing
DMHE	Departement van Minerale Hulpbronne en Energie
OM	Omgewingsmagtiging
OAP	Omgewingsassesseringspraktisyn
OIA	Omgewingsimpakassessering
B&GP	Belanghebbende en Geaffekteerde Partye
NEMA	Wet op Nasionale Omgewingsbestuur
NV	Nasionale Vergadering
NRVP	Nasionale Raad van Provinsies
MPRDA	Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne
PAIA	Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting

Kontakbesonderhede van organisasies

Natural Justice

Webwerf: www.naturaljustice.org
e-Posadres: info@naturaljustice.org
Telefoonnommer: +27 21 422 0321

Legal Resources Centre

Webwerf: www.lrc.org.za/
e-Posadres: info@lrc.org.za
Telefoonnommer: +27 11 038 9709

Centre for Environmental Rights

Webwerf: www.cer.org.za
e-Posadres: info@cer.org.za
Telefoonnommer: +27 21 447 1647

The Green Connection

Webwerf: <https://thegreenconnection.org.za/>
e-Posadres: greenconnectcpt@gmail.com | info@thegreenconnection.org.za

Coastal Justice Network

Webwerf: www.coastaljusticenetwork.co.za
e-Posadres: coastaljusticesa@gmail.com
Telefoonnommer: +27 46 603 8389 | +27 82 293 6380 | +27 83 479 0524

Masifundise Development Trust

Webwerf: www.masifundise.org.za
e-Posadres: info@masifundise.org.za
Telefoonnommer: +27 21 685 4549

